

Vyf dinge wat ons dié jaar kan verwag

Elke jaar begin met sy eie onsekerheid en gelowiges word gemaan om té slim oor die toekoms te probeer wees. Tog is dit ook so dat die konteks vir ons sekere dinge uitwys. Ons vind sekere aanwysers vir môre reeds in vandag. Dit kan egter ook sekere angstighede by ons veroorsaak. Gelukkig leef ons ook met 'n gelowige perspektief. Daarom waag ons die volgende:

1. Lae ekonomiese groei

Al die voorspellings dui daarop dat ons ekonomie gaan sukkel. Deels, maar ook omdat sekere basiese dinge nie in plek is nie. Mense gaan finansiële veel versigtiger moet lewe. Dit beteken egter nie dat daar nie geleenthede gaan wees nie. Ons het steeds 'n groot ekonomie, gemeet aan Bruto Binnelande Produk (BBP) die 32ste grootste in die wêreld. Wie slim gedissiplineerd met hoop en energie werk, gaan steeds 'n goeie lewe kan maak – al kom daar terugslae. Mag 2020, ook wat jou werk betref, 'n geloofsreis in dié verband met God wees.

2. ANC en interne spanning en plaaslike regerings

Polities is ons nie op 'n goeie plek nie en die onsekerheid kan nog vir geruime tyd voortduur. Sistemiese foutlyne is geskep. Die vraag is of ons boedel moet oorgee en wag. Geensins. Skinder, opstokery en kwaadpraat gaan nie help nie. Ons sal moet moue oprol en veral plaaslik verantwoordelikheid neem vir ons toekoms. Ons sien dit al hoe meer gebeur – soos met die skoonmaak van dorpe. Belangriker nog, is die verhoudinge wat op plaaslike vlak herstel moet word. Ons kan nie langer vir politici wag nie. Kerke en gemeentes het 'n reuse rol om te speel.

3. Mense se geduld al minder

Mense gaan meer sinies en ongeduldig raak met alles en almal. Afhangende van uit watter hoek van die samelewing jy kyk, gaan jou perspektief dramaties verskil. Ons sien reeds talle redelose en selfs irrasionele uitsprake op sosiale media regoor die spektrum. Wanneer gelowiges opgeroep word tot geduld beteken dit nie 'n passiewe geduld wat oorgee nie. Dit is 'n aktiewe vorm van geduld wanneer mense deur die Heilige Gees begenadig word. Een klein voorbeeld – ek was dikwels al geïrriteerd met taxi's wat skielik voor my stop om iemand af te laai. Ek praat dit nie goed nie. Tog het my geduld vermeerder toe ek besef dat 'n mamma, wat alreeds ver gestap het terwyl ek gerieflik in my eie motor ry, op- of afgelaai word ...

4. Klimaat

Klimaatsonsekerheid gaan voortduur en selfs verhoog. Ons is dankbaar oor reën wat geval het, maar is lank nie deur die drif nie! Die magteloosheid en moedeloosheid mag ons nie oorspoel nie. Laat ons ons harte sag hou vir hulle wat in die droogte vasgevang is, maar mag ons elkeen begin om 'n klein bydrae tot 'n herstellende planeet te lewer: herwin, hergebruik, eenvoudiger leefstyl en vermyding van plastiek waar moontlik!

5. Kerke toenemend onder druk

Regoor die wêreld beleef die kerk 'n massiewe oorgangsfase. Dit duur voort in 2020. Sommige sal ál verder van die kerk wegbeweeg, terwyl ander in toewyding sal groei. Lou kerke gaan sukkel. Dit gaan

in elk geval nie diegene beïndruk wat toenemend gesekulariseerd raak nie en nog minder dié wat soek na nuwe toewyding. Christus het egter beloof dat Hy Sy kerk self in stand sal hou. Mag ons onself onvoorwaardelik oopstel vir Sy leiding, wil en onderhouding.

Mag 2020 te midde van soveel onsekerheid (ook internasionaal) 'n jaar propvol goeie verrassings wees. Ek is daarvandoortuig dat dit moontlik is.

Braam Hanekom

Sentrum vir Publieke Getuienis